

Die werking van Landbou-opsies

Opsies bied 'n feitlik onbeperkte reeks handelsgeleenthede. Een van die grootste voordele van opsies is die vermoë om posisies in te klee om by jou bepaalde risikogrense en markbeskouing te pas.

'n Opsie is die reg (maar nie die verpligting nie) om iets te eniger tyd binne 'n bepaalde tyd teen 'n vooraf bepaalde prys te koop of te verkoop.

Die verkoper van die opsie word deur die opsie-ooreenkoms verplig om die kommoditeit wat in die kontrak genoem word teen 'n bepaalde prys te koop of te verkoop indien die opsie uitgeoefen word.

Daar is twee soorte opsies: KOOPOPSIES en VERKOOPOPSIES

Koopopsies: Gee die koper van die opsie die reg om die onderliggende kommoditeit te koop.

Verkoopopsie: Gee die koper van die opsie die reg om die onderliggende kommoditeit te verkoop.

In die geval van SAFEX-opsies op mielie-termynkontrakte is die onderliggende kommoditeit 'n termynkontrak.

Die prys vir dié buigsaamheid is die premie wat die koper betaal en die verkoper ontvang.

Die bedrag van dié premie hang van marktoestande soos ongestadigheid, verstrykingstermyn, markrigting, die verband tussen die trefprys en die markprys, en die vraag en aanbod van opsies in die algemeen af.

Ongeag hoeveel die mark wissel, kan die koper van die opsie hoogstens die premie wat hy vir die opsies betaal het, verloor. Weens hierdie beperkte en bekende risiko kry kopers van opsies nie te doen met marge-opvorderings bo en behalwe wat hulle vir die opsie betaal het nie.

Verkopers van opsies kry te doen met soortgelyke risiko's as dié van handelaars in termynkontrakte, en moet 'n bykomende marge betaal as die mark van hulle wegbeweeg.

Die totale premie vir 'n opsie is die opsie se intrinsieke waarde plus sy tydwaarde.

Intrinsieke waarde: Dit is hoeveel die opsie "in die geld" werd is indien dit winsgewend sou wees om die opsie uit te oefen.

Tydwaarde: Dit weerspieël die bedrag van die opsiepremie wat die koper gewillig is om te betaal, in die hoop dat dit die moeite werd sal wees om die opsie op die vervaldatum uit te oefen.

VOORBEELD: Veronderstel die September-termynkontrakmark vir witmielies verhandel teen R600/ton, en die September 640-koopopsie verhandel teen R40/ton. Die intrinsieke waarde is R20, want $660 - 640 = R20$ en die res van die opsiepremie bestaan by verstek uit die tydpremie (R20/ton).

Opsies word op drie maniere beskryf, na gelang van die bedrag van die tydwaarde en die intrinsieke waarde, asook die verband tussen die opsie se trefprys en die markprys in daardie stadium.

1. In die geld. Dit beskryf 'n opsie wat uit sowel tydwaarde as intrinsieke waarde bestaan, en waarvan die trefprys (in die geval van koopopsies) minder is as waarteen die mark verhandel. In die geval van verkoopopsies is die trefprys meer as dié waarteen die mark verhandel.
2. By die geld. Dit beskryf 'n opsie (koop- óf verkoopopsie) waarvan die premie net uit 'n tydwaarde bestaan, en waarvan die trefprys byna dieselfde is as dié waarteen die mark verhandel.
3. Uit die geld. Dit beskryf 'n opsie waarvan die premie net uit 'n tydwaarde bestaan. Die trefprys (in die geval van koopopsies) is meer as dié waarteen die mark verhandel. In die geval van verkoopopsies is die trefprys minder as dié waarteen die mark verhandel.

'n Opsie se tydwaarde verminder hoe nader aan die vervaldatum dit raak. Op die vervaldatum is daar geen tydwaarde nie, en dan is 'n opsie 'n kwynende bate.

Belangrike faktore wat tydwaarde beïnvloed

1. **Tyd tot vervaldatum:** Opsies met 'n langer tyd tot die vervaldatum het 'n groter tydwaarde.
2. **Markongestadigheid:** Hoe ongestadiger die mark is, hoe hoër is die waarskynlikheid dat 'n opsie teen die vervaldatum "in die geld" sal wees, en hoe hoër dus die prys.
3. **Vraag en aanbod vir opsies in die algemeen.**
4. **Die verband tussen die onderliggende termynkontrakprys en die opsie se trefprys:** Die grootste tydpremies geld vir "by die geld"-opsies. Die "uit die geld"- en "in die geld"-opsies het 'n kleiner tydwaarde.

Maniere om aan 'n opsieposisie te onttrek

1. **Uitoefening:** Die koper van die opsie besluit of hy die opsie wil uitoefen of nie. Hy sal gewoonlik agterkom dit is die beste om die opsie uit te oefen indien dit op die vervaldatum 'n intrinsieke waarde het. Wanneer die opsieposisie uitgeoefen word, word teenoorgestelde termynkontrakposisies aan sowel die koper as die verkoper toegewys.
2. **Verreken:** 'n Mens doen dit deur 'n identiese koop- of verkoopopsie terug te koop as die een wat jy verkoop het, of 'n identiese koop- of verkoopopsie te verkoop as die een wat jy aanvanklik gekoop het. Verrekening van 'n opsie voordat dit verval, is die enigste manier om enige tydwaarde te herwin.
3. **Verval:** Laat die opsie waardeloos verval deur eenvoudig niks te doen nie. Al wat die koper van 'n opsie kan verloor, is wat hy vir die opsie betaal het. Daarenteen het die verkoper van die opsies die voordeel dat hy die hele premie hou, mits die opsie wat hy verkoop het, op die vervaldatum geen intrinsieke waarde het nie.

Na raming verval meer as 80 persent van opsies waardeloos.

Opsies op SAFEX AMD Termynmark verval 5 sakedae voor die eerste dag van die maand waarin die ooreenstemmende termynkontrak na lokolewering gaan.

Hoe bevoordeel opsies jou onderneming?

Voedselvervaardigers en -verwerkers, meulenaars en ander agri-ondernemings gebruik opsies om hul materiaalposisies beter te bestuur ten einde winsgewender te word.

MEULE

1. Kan koopopsies koop - Versekering om 'n plafonprys vir mielies te waarborg.
2. Kan verkoopopsies koop - Versekering om die waarde van die mielievoorraad te beskerm.
3. Verkoop koopopsies teen 'n fisiese mielievoorraad om bergingskoste te dek, of die mielievoorraad deels teen dalende pryse te verskans.
4. Sero-koste-kopers as opsies te duur is.

KOÖPERASIES

Kan opsies gebruik om hul klante 'n groter verskeidenheid bemarkingsalternatiewe te gee, wat hulle 'n mededingingsvoordeel bied.

Voorbeeld: Die minimumpryskontrak, waar die koöperasie 'n minimumvloerprys bepaal wat die boer vir sy mielies sal kry terwyl die moontlikheid vir 'n beter prys oop gelaat word. Die koop sal verkoopopsies koop, en bereken die boer met dié prys omdat hy 'n gewaarborgde vloerprys verseker. Hy kan dit selfs finansier. As die mielieprys styg, kry die boer dié prys met dié kontrak.

BOERE: Koop verkoopopsies - Verseker vloerpryse, met 'n moontlike styging

GRAANHANDELAARS: Dié wat met mielies sit en vir hoër pryse wag, kan "uit die geld"-verkoopopsies teen meer as die markprys verkoop om bergingskoste te dek, of kan dit as 'n leweringsmeganisme gebruik as hoër pryse hulle voordoën.

BELEGGERS: Enige mark wat bo R100/maand beweeg, bied groot opbrengste met 'n minimale risiko vir die koper van die opsie wat 'n prysrigting reg voorspel.

Drie begrippe waarmee alle opsiehandelaars vertrou moet word

Daar is drie belangrike begrippe met 'n invloed op opsiepremies. Wanneer jy opsies koop of verkoop, is daar drie belangrike risiko's/geleenthede wat 'n invloed kan hê op die opsiepremies van die opsies wat jy gekoop of verkoop het.

1. Rigting van die mark: Gebruik delta om dié risiko te meet en te kwantifiseer.
2. Tyd: Gebruik theta vir die daling in premievlakke weens die verloop van tyd.
3. Ongestadigheid: Gebruik vega om die verandering in 'n opsiepremie weens 'n verandering in die mark se geïmpliseerde ongestadighedsveronderstellings te meet.

DELTA – Dit is die maatstaf van hoeveel 'n opsiepremie verander in die lig van 'n eenheid-verandering in die prys van die onderliggende termynkontrak.

$\frac{\Delta \text{in opsiepremie}}{\Delta \text{in die termynkontrakprys}}$

Die absolute waardes van deltas wissel tussen 0 en 1,00. 'n Opsie met 'n delta van 1,00 beweeg rand vir rand saam met die termynkontrakmark. 'n Opsie met 'n delta van 0,50 beweeg 50c vir elke beweging van R1 in die termynkontrakmark.

Voorbeelde	Mark = 760	Opsie	Delta
		800K	0,30
		780K	0,40
		760K	0,50
		760V	-0,50
		740K	0,60
		740V	-0,40
		720V	-0,30

Delta is die waarskynlikheid in terme van 'n persentasie wat 'n opsieprysmodel gebruik om te bepaal hoe waarskynlik dit is dat 'n opsie in die geld sal verval of nie.

Die deltas verander namate die mark beweeg. Hulle staan nie vas nie.

Hoeveel tyd daar tot die vervaldatum oor is, het ook 'n uitwerking op delta. Mits al die ander faktore dieselfde bly, nader deltas vir in-die-geld-koopopsies (koopopsies met 'n intrinsieke waarde) 1,00 wanneer hulle na aan die vervaldatum kom. Die deltas vir in-die-geld-verkoopopsies nader -1,00. Die deltas vir alle uit-die-geld-opsies nader 00.

VEGA: Meet die sensitiwiteit van 'n opsiepremie vir veranderings in markongestadigheid.

$\frac{\Delta \text{in die opsiepremie}}{\Delta \text{in die geïmpliseerde ongestadigheid}}$

Wat is ongestadigheid? Op sy eenvoudigste gestel meet ongestadigheid hoe vinnig of stadig die mark in 'n bepaalde tyd beweeg, ongeag die rigting. Dit vertel jou watter waarskynlikheid daar is dat dit 'n binne 'n week, maand, jaar of watter tydperk ook al sal voorkom.

'n Ongestadighedslesing van 30% impliseer byvoorbeeld dat daar 'n waarskynlikheid van 67% is dat pryse 'n jaar van nou af sowat 30% van die huidige vlakke weg sal wees. As mielies omstreeks die vlak van 700 verhandel, is die reikwydte ongeveer R490-R910. Opsiehandelaars en hul rekenaarmodelle pas ongestadighedsvlakke gedurig aan om die verwagte termynkontrak-handelsreikwydte van die kommoditeit waarin hulle handel dryf na bo of onder aan te pas namate nuwe inligting beskikbaar word, en dan weerspieël opsiepryse dit. Hoe hoër die verwagte handelsreikwydte, hoe hoër die ongestadigheid, en hoe hoër die prys, of omgekeerd.

Handelaars moet van ongestadigheid asook vega en die uitwerking daarvan op opsiepryse bewus wees.

THETA: Meet die tydverval in die waarde van die opsiepremie vir 'n bepaalde tydperk. Theta word gewoonlik in rand per dag, week of enige ander tydperk gemeet.

Dit is belangrik om daarop te let dat 'n opsie 'n **kwynende** bate is. Die markwaarde daal namate die opsie nader aan sy vervaldatum beweeg (mits alle ander faktore dieselfde bly).

Tydverval versnel gewoonlik in die laaste 30 dae voor die vervaldatum.

30 dae vervaldatum

Dae tot vervaldatum

OPSIESTRATEGIEË

1. Koop-koopopsie-verspreiding: Koop 'n koopopsie en verkoop tegelykertyd 'n koopopsie met 'n hoër trefprys, met dieselfde vervaldatum, wat gewoonlik teen 'n debiet uitgevoer word. Op die vervaldatum vind gelykbreek plaas wanneer die onderliggende termynkontrakprys gelyk staan aan die laer trefprys plus die netto debiet wat betaal is. Die maksimumverlies is gelyk aan die netto debiet wat betaal is, en doen hom voor as die onderliggende termynkontrak teen of teen minder as die laer trefprys op die vervaldatum verhandel. Die maksimumwins is die verskil tussen die trefprys minus die netto debiet wat betaal is, en dit doen hom voor as die onderliggende termynkontrak teen of teen meer as die trefprys op die vervaldatum verhandel.
2. Verkoop-koopopsie-verspreiding: Verkoop 'n koopopsie en koop terselfdertyd 'n ander koopopsie met 'n hoër trefprys maar dieselfde vervaldatum, wat gewoonlik teen 'n netto krediet uitgevoer word. Gelykbreek vind plaas wanneer die onderliggende termynkontrakprys gelyk staan aan die laer trefprys plus die netto krediet wat ontvang word. Die maksimumverlies is die verskil tussen die trefprys minus die netto krediet waarvoor jy die verspreiding verkoop het, en doen hom voor as die onderliggende termynkontrak teen of teen meer as die hoër trefprys op die vervaldatum verhandel. Die maksimumwins is die netto krediet waarvoor jy die verspreiding verkoop het, en doen hom voor as die onderliggende termynkontrak teen of teen minder die trefprys op die vervaldatum verhandel.
3. Koop-verkoopopsie-verspreiding: Verkoop 'n verkoopopsie en koop terselfdertyd 'n ander verkoopopsie met 'n hoër trefprys maar dieselfde vervaldatum, teen 'n netto debiet uitgevoer. Gelykbreek vind plaas wanneer die onderliggende termynkontrakprys gelyk staan aan die hoër trefprys minus die netto debiet wat betaal is. Die maksimumverlies is gelyk aan die netto debiet wat betaal is, en doen hom voor as die onderliggende termynkontrak teen of teen meer as die trefprys op die vervaldatum verhandel. Die maksimumwins is die verskil tussen die trefprys minus die netto debiet wat bepaal is, en doen hom voor as die onderliggende termynkontrak teen of teen minder as die laer trefprys op die vervaldatum verhandel.
4. Verkoop-verkoopopsie-verspreiding: Koop 'n verkoopopsie en verkoop tegelykertyd 'n ander verkoopopsie met 'n hoër trefprys maar dieselfde vervaldatum, wat teen 'n krediet uitgevoer word. Gelykbreek vind plaas wanneer die onderliggende termynkontrakprys gelyk staan aan die hoër trefprys minus die netto krediet ontvang. Die maksimumverlies is gelyk aan die verskil tussen die trefprys minus die nettokrediet ontvang en doen hom voor as die onderliggende termynkontrak teen of teen minder as die laer trefprys op die vervaldatum verhandel. Die maksimumwins is gelyk aan die netto krediet ontvang en doen hom voor as die onderliggende termynkontrak teen of teen meer as die hoër trefprys op die vervaldatum verhandel.
5. Wigopsies: (Koop) Koop tegelykertyd 'n koop- en verkoopopsie met identiese trefpryse (tipies teen die geld) en vervaldatums. Die opwaartse gelykbreek is gelyk aan die trefprys minus die totale premie en doen hom voor as die onderliggende termynkontrak op die vervaldatum teen die een óf die ander vlak verhandel. Die maksimumverlies is gelyk aan die totale premie betaal en doen hom voor as die

- onderliggende termynkontrak op die vervaldatum teen die trefprys verhandel. Die winspotensiaal is teoreties onbeperk.
6. Wigopsies: (Verkoop) Verkoop tegelykertyd 'n koop- en verkoopopsie met identiese trefpryse (tipies teen die geld) en vervaldatums, teen 'n premiekrediet verkoop. Die opwaartse gelykbreek is gelyk aan die trefprys plus die totale premie, en die afwaartse gelykbreek is gelyk aan die trefprys minus die totale premie, en hulle doen hulle voor as die onderliggende termynkontrak op die vervaldatum teen die een of die ander vlak verhandel. Die potensiële verlies is teoreties onbeperk. Die maksimumwins is gelyk aan die totale premie en doen hom voor as die onderliggende termynkontrak op die vervaldatum teen die trefprys verhandel.
 7. Smooropsie: (Koop) Koop tegelykertyd 'n koop- en verkoopopsie met verskillende trefpryse (albei tipies uit die geld) maar met dieselfde vervaldatum, en betaal 'n premie hiervoor. Die afwaartse gelykbreek is gelyk aan die laer trefprys minus die premie wat betaal is, en die opwaartse gelykbreek is gelyk aan die hoër trefprys plus die totale premie wat betaal is, en dié gelykbreke doen hulle voor as die onderliggende termynkontrak op die vervaldatum teen die een of die ander vlak verhandel. Die maksimumverlies is gelyk aan die totale premie betaal en doen hom voor as die onderliggende termynkontrak op die vervaldatum teen of tussen die trefpryse verhandel. Die potensiële wins is teoreties onbeperk.
 8. Smooropsie: (Verkoop) Verkoop tegelykertyd 'n koop- en verkoopopsie met verskillende trefpryse (albei tipies uit die geld) maar met dieselfde vervaldatum, en ontvang die totale premie. Die afwaartse gelykbreek is gelyk aan die laer trefprys minus die premie, en die opwaartse gelykbreek is gelyk aan die hoër trefprys plus die totale premie, en dit doen hom as die onderliggende termynkontrak op die vervaldatum teen die een of die ander vlak verhandel. Die potensiële verlies is onbeperk. Die maksimumwins is gelyk aan die totale premie en doen hom voor as die onderliggende termynkontrak op die vervaldatum teen of tussen die trefpryse verhandel.

DIE KOOPVERSPREIDINGSOPSIESTRATEGIE

Sal dit nie wonderlik wees as ons SAFEX-mielies kan koop vir goedkoper as waarteen dit tans verhandel nie? As jy die volgende opsiestrategie volg, kan jy dit doen.

Weens die hoë koste van finansiering en berging maak dit vir die boer gewoonlik sin om sy mielies net ná die oes te verkoop. As hy dit doen, sal hy egter geen voordeel kry as die pryse ná die verkoop styg nie. Voorts is pryse histories tydens die oesseisoen op hul swakste, en dan is hulle in die tweede helfte van die jaar geneig om te styg.

Om 'n koopverspreidingsopsiestrategie uit te voer, moet 'n boer uit die huidige styging in SAFEX-mieliepryse voordeel trek deur sy mielies te oes en te verkoop. Hy gebruik dan 'n deel van die opbrengs deur sy SAFEX-makelaar opdrag te gee om 'n koopverspreiding in SAFEX-mielie-opsies te koop vir geval die pryse bly styg.

Kom ons kyk na hoe dié strategie sal werk, en hoe dit ons toelaat om mielies teen 'n intrinsieke prys te koop, wat goedkoper is as die prys waarteen mielies tans in die SAFEX-mark verhandel.

'n Koopverspreidings-opsiestrategie behels die koop van 'n koopopsie en die gelyktydige verkoop van 'n ander koopopsie met 'n hoër trefprys maar in dieselfde vervalmaand. Dit word teen 'n debiet uitgevoer, en behels dus die betaling van 'n opsiepremie. Die SAFEX-marge en risiko word beperk tot die bedrag van die premie wat jy vir die opsies betaal.

In ons voorbeeld koop ons SAFEX se Desember-WM1 640-koopopsie vir R75/ton, en verkoop terselfdertyd die Desember-WM1 720-koopopsie vir R30/ton. Ons het dus 'n netto debietprys van R45/ton vir hierdie strategie betaal ($75,00 - 30,00 = 45,00$). Tans is SAFEX se Desember-WM1-prys 695.

Dit is dieselfde as om SAFEX se Desember-WM1 teen R685/ton te koop, al is die prys in die werklike termynkontrakmark 695. Hoe bereken ek dit? Ons het 'n 640-koopopsie gekoop, en dit gee ons die reg om mielies teen 640 te koop, en ons het 'n 720-koopopsie verkoop, wat ons verplig om mielies teen 720 te verkoop, en ons het R45/ton vir die hele transaksie betaal. 640 koopopsie + $45 = 685$. Dit is die intrinsieke waarde van die verhandeling.

Iemand het op 'n slag gesê: "Daar is geen gratis middagetes nie." Die rede waarom hierdie verhandeling nie juis 'n "gratis middagete" is nie, dat ons SAFEX se Desember-WM1 in wese teen 685 gekoop het, terwyl dit tans teen 695 verhandel, maar ons opwaartse wins is beperk tot 720, die vlak waarteen ons die 720 Desember-WM1-koopopsie verkoop het.

Die risiko's en belonings van die verhandeling is soos volg:

Eerstens kan ons hoogstens R45/ton met hierdie transaksie verloor. Dit sal hom voordoen as SAFEX se Desember-WM1-prys op die opsie se vervaldatum 640 of minder is.

Tweedens is ons gelykbreekvlak 685. Indien die SAFEX se Desember-WM1-prys op die opsie se vervaldatum teen 685 verhandel, sal ons gelykbreek. Ons 640-koopopsies sal 'n intrinsieke waarde van 45 rand hê, maar onthou dat ons R45 per ton betaal het vir hierdie strategie. Ons maksimum wins met hierdie verhandeling ontstaan as die WM1-prys op die vervaldatum 720 of hoër sou wees. Ons maksimum wins is R35 per ton, omdat die intrinsieke prys wat ons vir die mielies betaal het, 685 was (640 koopopsie + $45 = 685$), maar ons sou die mielies verkoop het teen 720 aan die persoon wat die 720-koopopsie van ons gekoop het ($720 - 685 = 35$).

Laastens, as die mark in Desember WM1 sluit op 695 soos dit tans verhandel, sou ons R10 wins per ton maak omdat ons mielies gekoop het teen 685 (640 koopopsie + $45 = 685$) en dit sou verkoop het teen 695 op die vervalddag.

My raad is om u mielies nou te verkoop ten einde die opbrengs in te kry en om finansierings- en opbergingskoste te vermy. As u dan van mening is dat die pryse geneig sal wees om geleidelik te styg na die oes, kan u mielies teen afslagprys koop met beperkte risiko en geen marge-opvorderings nie deur die koopopsieverspreidingstrategie te volg.